# DR T S VAN ROOYEN (1922—1967) EN DIE HISTORIESE GELEERDHEID

**Albert van Jaarsveld**
*Universiteit van Zoeloeland*

Hoewel T S van Rooyen slegs 'n beskeie bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing gelewer het, was sy vroeë dood nogtans 'n gevoelige slag. Met sy dood was hy 45 jaar oud. Tog het hy werk van meer as verbygaande aard gelewer, waarop later ingegaan word.

## Lewensloop

Dr Thomas Stephanus van Rooyen is op 22 Februarie 1922 te Pietersburg gebore. Sy vader was 'n spoorwegwerker en die tweede man van sy moeder, wat vier kinders voortgebring het. Soos dr Van Rooyen is sy vader, mnr P H C van Rooyen, ook vroeg oorlede, nl op 35-jarige leeftyd. Van die vier kinders leef in 1981 nog slegs 'n ouer halfsuster. 'n Dogtertjie is reeds in 1928 oorlede en dr Van Rooyen se broer is ook vroeg heen. Met sy vader se afsterwe was die jonge Thomas maar sewe jaar oud, en sy moeder wat 'n musiekonderwyseres was, moes die pot aan die kook hou. Sy is in 1976 op die ouderdom van 82 aan beroerte oorlede.[1]

In 1939 het Van Rooyen aan die Pietersburg Hoërskool gematrikuleer wat toe nog 'n dubbelmedium-hoërskool was. Sy hoofvakke was Afrikaans, Duits, Wiskunde, Natuur- en Skeikunde en Geskiedenis.[2] In 1940 is hy na die Pretoriase Onderwyskollege en in April 1943 het hy sy Baccalaureus in Lettere en Wysbegeerte van die Universiteit van Pretoria ontvang (Geskiedenis met lof).[3] 'n Transvaalse Onderwysdiploma is in Desember 1943 aan hom toegeken.[4] In die eerste helfte van 1944 was Van Rooyen onderwyser aan die Pietersburgse Hoërskool, waarna hy na die Potgietersrust-Hoërskool is. Aan die begin van 1945 het hy na Middelburg verskuif.[5] In die loop van die jaar het hy 'n kas dokumente op die sendingstasie Botshabelo ontdek wat deur 'n Duitse sendeling, Hans Merensky, daar gelaat is toe hy Suid-Afrika in 1882 verlaat het. Hierdie dokumente het hy in sy M A-verhandeling verwerk.[6] In daardie stadium was hy juis besig met die eksamengedeelte van die M A wat meegebring het dat hy elke week na Pretoria moes inry. In April 1948 is die Meestersgraad in Geskiedenis aan hom toegeken.[7]

Van Middelburg het Van Rooyen Rand toe verskuif. Hy het op Benoni gaan woon maar moes daagliks inry Johannesburg toe waar hy sedert 1948 drie jaar lank verbonde was aan 'n Indiër-hoërskool.[8] Tydens sy verblyf in Benoni is hy getroud met

---

1) Onderhoud met mev. Poppie Pretorius, dr Van Rooyen se suster.
2) Matrieksertifikaat van die T O D. (Versameling van mev. Rita van Rooyen).
3) BA-Graad — diploma (Versameling van mev. Van Rooyen).
4) THOD-diploma (Versameling van mev. Van Rooyen).
5) Onderhoud met mev Pretorius.
6) T S van Rooyen: *Die Sendeling Alexander Merensky in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*. (Argiefjaarboek vir S A Geskiedenis, 1954, II), p. 99.
7) MA-Graad (Versameling van mev. Van Rooyen).
8) Onderhoud met mev Pretorius; J L Hattingh en J W Kew: Dr T S van Rooyen — an appreciation *(Historia*, Maart 1968), p.2.

mej Rita Erasmus, 'n maatskaplike werkster van Potchefstroom. Uit die huwelik is drie kinders gebore, nl 'n dogter en tweeling-seuns.[9]

Onder leiding van prof A N Pelzer het Van Rooyen sy studies voortgesit en in April 1951 het hy die doktorsgraad in Geskiedenis verwerf. Die proefskrif handel oor die onderlinge verhouding tussen die Boere, Engelse en Swartes in die geskiedenis van Oos-Transvaal tot 1882.[10] Dr Van Rooyen is in 1951 as 'n tydelike lektor by die Universiteit van Pretoria aangestel in die plek van dr W J de Kock, wat vir drie jaar in amptelike hoedanigheid na Nederland is om dokumente oor die Anglo-Boereoorlog vir die Staatsargief in te samel.[11] Na De Kock se terugkeer is dr Van Rooyen in 1954 as Redakteur van die Inligtingsdiens by die Departement Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling aangestel en het sedert 1958 die pos van Assistent Hoof-inligtingsbeampte (Publikasies) beklee. In hierdie tyd het die tydskrif *Bantu* op dr Van Rooyen se inisiatief tot stand gekom waarvan hy ook as redakteur opgetree het. Die tydskrif was 'n informele publikasie van die Departement Bantoe-Administrasie en Ontwikkeling en het ten doel gehad om die Swartman beter by die Blanke bekend te stel.[12] Tydens sy dienstyd by die Departement van Bantoe-Administrasie, is dr Van Rooyen in 1957 vir twee jaar na die Perskommissie, onder leiding van wyle dr Nic Diedericks gesekondeer.[13]

In 1961 is dr Van Rooyen aangestel in die pos van senior lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Hierdie pos het hy tot met sy dood op 14 Desember 1967 beklee. Dr Van Rooyen het in hierdie tyd Afrika-geskiedenis vir eerste- en derdejaars, en historiese metodiek en geskiedfilosofie vir die Honores-studente gedoseer.[14]

Afgesien van akademiese werk het dr Van Rooyen verskeie ander dienste gelewer: Van 1952 tot 1956 was hy bestuurslid van die Genootskap Oud-Pretoria. In 1962 is hy verkies tot onder-voorsitter en in 1964 en 1965 het hy as voorsitter gedien. Van 1952 tot 1965 was hy redakteur van *Pretoriana*, tydskrif van die Genootskap. Sedert 1951 het dr Van Rooyen in die redaksie van die *Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede* en van 1956, in dié van *Historia* gedien. Hy was ook bestuurslid van die Transvaalse en Uniale bestuur van *Sabra*.[15] In 1961 is dr Van Rooyen tot asessorlid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns benoem.

As kind was dr Van Rooyen 'n stil seun wat baie van lees gehou het en nooit 'n groot vriendekring gehad het nie. Hy het slegs een of twee maats gehad. Ook het hy geen erg aan aktiewe sportdeelname gehad nie — slegs af en toe 'n potjie tennis gespeel.[16] Tom Naudé, tydens dr Van Rooyen se skooljare L V van Pietersburg en goeie vriend van die gesin, skryf dat hy as skoolseun een van die beste leerlinge op Pietersburg was. Hy het nie alleen as leerling uitgeblink nie, maar was in alle opsigte voorbeeldig en 'n seun op wie die skool en dorp trots was.[17] Op universiteit was dit finansieel vir dr Van Rooyen nie maklik nie. Gedurende sy eerste twee jaar moes sy wedu-

---

9) Onderhoud met mev Rita van Rooyen, dr. T S van Rooyen se weduwee.
10) T S van Rooyen: *Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van Oos-Transvaal tot 1882* (Argiefjaarboek vir S A Geskiedenis, 1951, I), pp. ix—xi.
Onderhoud met mnr W A Stals, senior lektor in Geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria en vroeër 'n kollega van dr. T S van Rooyen.
12) *BaNtu*, Desember 1967 (Doodsberig van dr Van Rooyen, deur die redaksie opgestel), p. 2.
13) J L Hatting en J W Kew: Dr T S van Rooyen — an appreciation (*Historia*, Maart 1968), p.2
14) Onderhoud met mnr W A Stals. Kyk ook *Historia*, Maart 1968, pp. 2—4.
15) *Pretoriana*, Desember 1967 (Doodsberig van dr Van Rooyen, deur die redaksie opgestel), p 2; *Historia*, Maart 1968, p 2.
16) Onderhoud met mev Pretorius.
17) Getuigskrif van Tom Naude, L V, vir T S van Rooyen, g.d. (Versameling van mev Van Rooyen).

wee-moeder hom ten volle onderhou aangesien hy eers in sy tweedejaar van die Transvaalse Onderwysdepartement 'n beurs gekry het. Om sakgeld te verdien het hy af en toe kortverhale vir tydskrifte geskryf.[18]

As dosent is dr Van Rooyen deur sommige van sy oudstudente as "gemiddeld" beskryf. As gevolg van sinisme in die klas was hy nie besonder gewild nie maar ook nie ongewild nie. Sy lesings was altyd behoorlik voorberei en logies aangebied. Dr Van Rooyen het deurgaans van die "diktaat"-metode gebruik gemaak en dit is miskien die rede waarom sy voorgraadse klasse oor die algemeen nie besonder interessant was nie.[19] Aan sy Honneurs-studente het hy tuis persoonlike aandag in gespreksvoering gegee wat heelwat van sy tyd verslind het, maar waaroor studente met lof gepraat het. J L Hattingh en J W Kew, twee van sy oud-studente, praat van sy "tremendous agility of mind and penetrating insight", logiese redenering en hoë standaard. Vir sy nagraadse studente was hy "'n leermeester, vriend en intellektuele vader", 'n man wat onafhanklik gedink en na die waarheid gesoek het.[20] Dr Van Rooyen se kollegas het hom beskryf as 'n besondere intelligente man met 'n skerp brein. Miskien was hy nie altyd die maklikste persoon om mee klaar te kom nie, maar tog was hy hulpvaardig en altyd bereid om na probleme te luister. Dr Van Rooyen het 'n aantal M A-dissertasies oor die rol van die pers in die Zuid-Afrikaansche Republiek gelei, wat 'n voortvloeisel was van sy werk op die Perskommissie.

In Desember 1967 het dr Van Rooyen en sy gesin aan die Suidkus gaan vakansie hou, waar hy onverwags aan 'n hartaanval oorlede is. Sy heengaan was nie net 'n groot verlies vir sy gesin nie, maar ook vir sy Universiteit en die talle organisasies waarvan hy lid was, of aan wie hy sy aktiewe samewerking gegee het.[21]

## Argivale navorsing en publikasies in die Argiefjaarboek

Dit is opvallend dat, afgesien van dr Van Rooyen se M A- en D Phil-dissertasies, wat beide in die *Argiefjaarboek* opgeneem is, hy nooit 'n enkele boek gepubliseer het nie. Dr Van Rooyen se bydrae is hoofsaaklik beperk tot artikels, 'n hoofstuk in 'n kollektiewe werk en boekbesprekings, wat 'n jammerte is, aangesien hy die potensiaal gehad het om 'n belangriker bydrae tot die geskiedwetenskap te kon lewer. Of hy te besig was met studente en verenigings wat sy tyd so in beslag geneem het dat hy nie argiefstudie kon doen nie, sal 'n mens nie weet nie.

Dr Van Rooyen se verhandeling het in 1954 onder die titel *Die Sendeling Alexander Merensy in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, 1859—1882*, in die *Argiefjaarboek* verskyn. In hierdie studie het dr Van Rooyen verskeie sake aangeraak, nl. die werksaamhede van die sendeling Merensky, die vraag of Sekoekoeni 'n onderdaan van die Z A R was aldan nie en die verhoudinge tussen die Boere van Transvaal en die Pedi. Dr Van Rooyen het beoog om 'n nuwe benadering in die Suid-Afrikaanse geskiedenis t.o.v. die Swart-Wit verhoudinge aan te bied. Hy het beweer dat niemand geregtig is om te skryf oor Swart-Wit verhoudinge indien hy nie oor 'n

18) Onderhoud met mev Pretorius. Vgl. bv hier *Die Mynwerker*, Maart 1943, pp 25—26; *Die Naweek*, 8 April 1948, pp. 6—7, asook 4 Maart 1948, pp. 6—7.

19) Onderhoude met mnr. H P Prinsloo en mnr W A Stals. Mnr Prinsloo is 'n oud-student van dr Van Rooyen en tans lektor in Argeologie aan die Universiteit van Pretoria.

20) J L Hattingh en J W Kew: Dr T S van Rooyen (*Historia, Maart 1968*), pp. 2—3, en onderhoud met mnr W A Stals.

21) *Pretoriana*, Desember 1967 (Doodsberig van dr Van Rooyen), p. 2.

grondige kennis van die Swartmens se kultuur beskik nie — iets wat vroeër deurgaans gebeur het. Hy het die Volkekunde asook sy eie kennis van die Swartman ingespan om sodoende nie slegs 'n beeld van die verlede daar te stel wat alleenlik op dokumente berus wat deur Blankes opgestel en dus eensydig is nie, maar wat ook die Swartman se siening van sake in ag neem.[22] Sommige radikale historici verwys tans na sy werk.

Prof F A van Jaarsveld skryf dat 'n mens dr Van Rooyen se standpunt moet waardeer nl. dat die blanke historici meer op die agtergrond van die Swart volke moet ingaan voordat hulle oor die verhoudinge tussen Blank en Nie-blank oordeel. Verder onderskryf hy dr Van Rooyen se standpunt dat die geskiedenis nie slegs teen die agtergrond van die Boer-Brit verhouding gesien moet word nie, maar ook met inagneming van die posisie en rol van die Swartman in ons geskiedenis. Tog het prof Van Jaarsveld enkele punte van kritiek op die verhandeling gehad nl dat dr Van Rooyen se benadering nie, soos hy self beweer het, totaal nuut was nie. Ander historici voor hom, soos o.a. C W de Kiewiet, het in sy *British Colonial Policy and the South African Republics* reeds gewys op die noodsaaklikheid van die Boer-Brit-Bantoe-verhoudinge in die geskiedenis, en dit geld ook W M Macmillan. Verder het prof Van Jaarsveld beweer dat dr Van Rooyen hom aan subjektiwiteit skuldig gemaak het. Hy was bv nie besonder simpatiek teenoor Merensky nie omdat Merensky Shepstone se anneksasie van Transvaal goedgekeur het. Dr Van Rooyen beskryf hierdie siening van Merensky as "hoogs laakbaar" want hy het vooraf besluit dat Merensky se siening verkeerd is.[23] In die geheel gesien, lewer die werk tog 'n bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing. Dr Van Rooyen het 'n saadjie geplant aangaande die Swartman in ons geskiedskrywing wat ander historici aan die dink kon sit, maar wat nie van vrugdra getuig nie.

Dr Van Rooyen se doktorsproefskrif is ook onder die leiding van prof A N Pelzer geskryf. Dit het in 1951 in die *Argiefjaarboek* verskyn onder die titel *Die Verhoudinge tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882*. In die voorwoord maak dr Van Rooyen weer die bewering dat die grootste gebrek waaraan ons geskiedskrywing mank gaan, die feit is dat die Blanke historici hul beoordeling van die verhoudinge tussen Blank en Swart alleenlik op bevooroordeelde argiefstukke wat uit 'n Blanke standpunt opgestel is, laat berus. Hierdie historici dra geen behoorlike kennis van die tradisionele lewenswyse en opvattinge van die Swartman nie, en om hierdie rede kon hulle sekere aspekte van ons geskiedenis nie verstaan of deurgrond nie.[24] Ongelukkig maak dr Van Rooyen hier weer die fout om nie sy bewerings te staaf met boeke of skrywers nie, wat dit ietwat in die lug laat hang. Of dit wel die grootste gebrek in ons geskiedskrywing is, is debatteerbaar. Dr Van Rooyen poog egter om 'n beeld te skep van die verhoudinge tussen die Boere aan die een kant en die Pedi en Zoeloes aan die ander kant, tot ongeveer 1876, toe 'n derde faktor, nl. die Britse imperialisme, sy verskyning gemaak het. Hy gee dan 'n oorsig van hoe die verskyning daarvan die Swart-Wit-verhoudinge beïnvloed het wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die vernietiging van die Pedi- en Zoeloeleërs.[25]

Dr G D Scholtz het in 'n boekbespreking[26] sekere besware teen die proefskrif geopper. Eerstens het hy hom uitgespreek teen die wyse waarop dr Van Rooyen die

22) T S van Rooyen: *Die sendeling Alexander Merensky in die Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*. (Argiefjaarboek, 1954, II), p. 99.
23) *Bijdragen voor de Geschiedenis der Nederlanden*, g.d. (F A van Jaarsveld: Suid-Afrikaanse kroniek 1955), Deel XI, afl 3, pp. 281–283.
24) Kyk p. X van genoemde proefskrif.
25) *Ibid.* p xi.
26) *Die Transvaler*, 15.3.1952..

vroegste Transvaalse geskiedenis gaan verdeel het, nl. deur Oos-Transvaal eenvoudig "af te sny" van die res van die Suid-Afrikaanse Republiek, en dit dan te behandel asof dit nie deel van die groter geheel was nie. Dr Scholtz skryf dat daar in die studie niks is wat 'n mens daaraan herinner dat Oos-Transvaal wel deel van 'n groter republiek was nie. Tweedens maak hy beswaar daarteen dat Van Rooyen in baie opsigte 'n naloper is van die beskouings van ander skrywers, soos in die gedeelte oor die Kerkgeskiedenis. Hy voel dat wat dr Van Rooyen hieroor te sê gehad het, hy eenvoudig uit die werke van andere gaan lig het in plaas van argivale studie daaroor te doen. Die derde beswaar wat Scholtz inbring, is dat dr Van Rooyen geen aanvoeling het vir die groot lyne in die geskiedenis nie. Hy beweer dat Van Rooyen in sy werk geen poging aangewend het om die samehange tussen gebeure te sien nie. Sy hoofstukke is in waterdigte "vakkies" en "hokkies" verdeel wat hermeties van mekaar geskei is en nie logies of samehangend bymekaar aansluit nie. Na sy mening was dit te wyte aan die gebrek aan 'n teoretiese grondslag in die opleiding van 'n skrywer. Hy verwys dr Van Rooyen na die werk van o.a. Huizinga, Romein, Collingwood en Fisher. Hoewel dr Scholtz toegee dat Van Rooyen 'n ywerige navorser blyk te wees, meen hy dat dit nog nie van hom 'n goeie historikus maak nie. Scholtz kom tot die slotsom dat Van Rooyen die potensiaal het om 'n belangrike bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing te lewer mits hy kennis maak met die werk van bg. skrywers.[27]

Dr Van Rooyen het later met 'n artikel nl. "White Man's View"[28] op die kritiek van dr Scholtz geantwoord. Oor die beskuldiging van dr Scholtz dat die geskiedenis van Oos-Transvaal te afsonderlik behandel is van die res van Transvaal het dr Van Rooyen geantwoord dat dit geen "tekortkoming in sy werk is nie, maar wel 'n logiese gevolg van die toestande soos in Transvaal aangetref. Hy maak dan melding van die feit dat die Lydenburgse Republiek eers in 1859 met die res van Transvaal verenig het, en dat dit die gevolg gehad het dat die Lydenburgers nie hul lot onvoorwaardelik by die res van die Transvalers ingewerp het nie. Daar het definitief 'n sweem van hul eie tradisie en strewe oorgebly.[29] Voorts het dr Van Rooyen verklaar dat die Pedi en Zoeloestamme as afsonderlike eenhede gewoon en geleef het en dat hulle met mekaar geen kontak gehad het nie. Dit is nog 'n rede waarom hy die geskiedenis van die gebied losstaande van die res van Transvaal kon behandel.[30]

Oor die tweede beswaar van Scholtz, nl. dat hy ander skrywers, soos prof Engelbrecht, nagepraat het in die gedeeltes oor die kerkgeskiedenis, het dr Van Rooyen dit beklemtoon dat die doel van die werk was om 'n verslag te skryf oor die verhoudings tussen die Blankes en Naturelle en nie om 'n oorsig van die kerkgeskiedenis te gee nie. Vir hom het dit gegaan om die uitwerking wat die kerklike botsings op Swart-Wit-verhoudinge gehad het.[31] Van Rooyen verwerp voorts die beskuldiging dat hy 'n gedweë navolger is en verwys Scholtz veral na hoofstukke 4 tot 9 van die proefskrif waar sy uitsprake grootliks van ander historici s'n verskil.[32]

Ook prof F A van Jaarsveld het punte van kritiek teen dr Van Rooyen se proefskrif ingebring. Hy skryf nl. dat dr Van Rooyen sy M A-verhandeling in sy dok-

27) *Ibid.*
28) Hierdie artikel is in een van dr. Van Rooyen se persoonlike leggers gevind. Die gepubliseerde we gawe daarvan kon nie opgespoor word nie. Dit bestaan uit 14 getikte bladsye.
29) *Ibid.*, p. 2.
30) *Ibid.*, p. 3.
31) *Ibid.*, p. 5.
32) *Ibid.*, p. 6.

torsproefskrif geïnkorporeer het. Sy proefskrif was dus slegs 'n uitbouing van sy M A-dissertasie. In prof Van Jaarsveld se eie woorde: "Wat hy ons dus in die 1954-Jaarboek, deel II, bls 99—184 aangebied het, is ook te vinde in die dissertasie van 1951 en wel op bls 88—187, en 372—376."[33] Dit is dus 'n soort dubbelpublikasie, met enkele sinne of woorde wat verander het. Voorts het Van Jaarsveld daarop gewys dat dr Van Rooyen die begrip "nasionalisme" ontoepaslik aan die 1876-Pedi toeskryf. "Stamtrou" sou beter gepas het. Hierdie doktorsproefskrif het dr Van Rooyen se argiefnavorsing en sy loopbaan as geskiedskrywer afgesluit. Hy het daarna nie weer 'n stuk gepubliseer wat op argiefstudie gegrond is nie, maar hom met enkele teoretiese vraagstukke besig gehou.

**Historiografiese navorsing: pleidooi vir volkekundige kennis**

Dr Van Rooyen het enkele bydraes op die gebied van die historiografie gelewer. Die eerste was die opstel "Die Bantoe in die Suid-Afrikaanse Historiografie."[34] Dit het verskyn in 'n boek saamgestel uit 'n aantal voorlesings wat gehou is deur lede van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Universiteit van Pretoria, en is in 1967 onder die titel *Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie*, onder redakteurskap van prof G Cronje gepubliseer.

In die opstel gee Van Rooyen 'n oorsig van bestaande lektuur oor die Swartman wat 'n wesenlike bydrae tot die Blankes se 'oriëntasie' t.o.v. die Swartman gelewer het, dus die werk waarop die Blankes se kennis van die Swartman berus.[35] Hy maak geen aanspraak op volledigheid nie: 'Die doel van die seleksie uit die enorme aantal boeke wat oor die onderwerp verskyn het, of boeke wat die onderwerp aanraak, is om die student of enigeen wat in ons kleurverhoudings belangstel, 'n idee te gee van die wye historiese agtergrond waarteen huidige standpunte en opvattings afgespeel word.' Myns insiens het dr Van Rooyen daarin geslaag om hierdie doelstelling te bereik. Hy lewer insiggewende gegewens oor die standpunte van die Afrikaanse en Engelse historici aangaande die Swartman. Ook enkele Swart historici word aangeraak.[36] Dr Van Rooyen kom tot 'n interessante gevolgtrekking, nl. dat die geskiedenis nie genoeg gebruik maak van sy belangrike hulpwetenskap, die Volkekunde, wanneer dit die geskiedskrywing oor die Swartman raak nie. Die skrywer merk tereg op dat historici hulle in 'n groot mate aan subjektiwiteit skuldig maak wanneer hulle sonder 'n kennis van sy kultuur oor die Swartman skryf. Hy beweer dat ons geskiedsbeeld, waar dit om kontak met die Swartman gaan, op Blank-georiënteerde dokumente berus. By die opstel van die meeste dokumente, is die Swartman se standpunte nie in ag geneem nie. Om hierdie rede kan ons geskiedsbeeld 'n 'White Man's View' genoem word,[37] 'n stelling wat uit sy proefskrif gehaal is.

Dr Van Rooyen benadruk die standpunt dat as toekomstige historici nie van die Volkekunde as hulpwetenskap gebruik maak nie, hulle nooit die dokumente korrek sal kan interpreteer nie. Laastens bepleit hy dat 'n behoorlike studie van die kontaksituasie tussen Blank en Swart gemaak moet word vanaf die middel van die 18de tot

33) *Bijdragen voor de Geschiedenis der Nederlanden*, g.d. (F A van Jaarsveld: Suid-Afrikaanse kroniek, 1955), Deel XI, afl 3, pp. 281—283.
34) In G Cronjé (red.), *Aspekte van die Suid-Afrikaanse Historiografie*, Pretoria, 1967, pp. 134—170.
35) *Ibid.*, p. 135.
36) *Ibid.*, p. 147—148.
37) *Ibid.*, p. 160.

aan die einde van die 19de eeu. Hierdie geskiedenis behoort derhalwe as't ware 'herskryf' te word: 'Alvorens so 'n werk aangeraak is, kan ons ook nie verwag om 'n omvattende beeld te kry van ons twintigste-eeuse beleid en administrasie nie, en sal die werk wat wel gelewer word, fragmentaries bly.'[38] Hierdie uitspraak van dr Van Rooyen staan op pote. Sy standpunt dat, indien studies oor die kontaksituasie tussen Blank en Swart op hierdie wyse uitgevoer word, dit nie meer nodig sal wees om van 'n 'White Man's View' of 'n 'Black Man's View' in ons geskiedskrywing te praat nie, moet egter betwyfel word omdat 'n geskiedenisvisie op wêreldbeskouing berus en dus nooit "neutraal" kan wees nie.

Die tweede historiografiese bydrae van dr Van Rooyen het in 1955 in *Koers*[39] onder die opskrif "n Nuwe benaderingsmetode in verband met die studie van die kontak tussen Blank en Bantoe,' verskyn. Soos uit die tema afgelei kan word, is dit 'n herhaling van bogenoemde standpunt.[40]

Derdens van belang t.o.v. dr Van Rooyen se bydrae tot die historiografie is 'n artikel wat in 1969 onder die opskrif 'Suid-Afrikaanse Kroniek, 1965' in *Bijdragen voor de geschiedenis der Nederlanden* verskyn het. Hierdie artikel wat op versoek van prof H B Thom, geskryf is, was 'n oorsig van die belangrikste boeke wat gedurende 1965 verskyn het. Dr Van Rooyen het dit onder die volgende hoofde verdeel: personalia, historiese verenigings, museums en argiewe, teoretiese geskiedenis, dokumente-publikasies en Africana, werk oor die argeologie en die Swartman, die tydperk vanaf die Groot Trek tot 1902, die periode na 1902, 'algemene' nasionale geskiedenis, provinsiale geskiedenis, plaaslike geskiedenis, kerkgeskiedenis en biografiese studies, wat 'n geslaagde oorsig was.

Hy sluit die artikel af met sy slotsom dat die jaar 1965 'n vrugbare jaar was wat publikasies betref, maar haal dan vir prof F A van Jaarsveld aan wat sy kommer oor die aandeel van universiteitsdosente aan publikasies uitgespreek het. Van Jaarsveld se standpunt was dat die Suid-Afrikaanse historici nooit tot veel in staat sal wees, tensy die doseerverpligtinge van die professionele historici verlig word, en voldoende fondse beskikbaar gestel word om hulle in staat te stel om meer aandag aan navorsing te wy nie.[41]

## Beoefening van die historiese polemiek

Dr Van Rooyen het hom ook op die gebied van die historiese polemiek begeef. In *Standpunte* van Junie 1953 het Van Jaarsveld 'n artikel gepubliseer onder die titel 'Geskiedenis en Lewe, 'n Metodologies-kritiese Opstel'.[42] Daarin het hy gewys op twee tekortkominge in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing, nl. die neiging om apologeties te wees en die gebrek aan beginselgrondslae. Dit raak die relatiwiteit in die benadering van die historiese werklikheid en die totaliteit in die opbou van die geskiedsbeeld.[43] Hierdie gebreke haal volgens hom die 'lewe' uit die geskiedenis. Die gevolg hiervan is 'n meganiese rekonstruksie van kennisresultate wat die wetenskap benadeel. Volgens Van

38) *Ibid.*, p. 160.
39) *Koers*, Februarie 1955, pp. 226–231.
40) *Ibid.*, p. 230.
41) *Bijdragen voor de Geschiedenis der Nederlanden* (T S van Rooyen: Suid-Afrikaanse kroniek, 1965) p. 28.
42) *Standpunte*, Junie 1953, pp. 17–33.
43) *Ibid.*, p. 17.

Jaarsveld word dit weerspieël deur die dogmatiese aanvaarding van 'n eenmaal gevestigde oordeel.[44] Om sy standpunt te bewys het die skrywer drie werke oor die vroegste Transvaalse geskiedenis ontleed, nl. A N Pelzer se *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek, I, Wordingsjare*, en *Die Wordingsgeskiedenis van die Z A R, 1838—1860* van F A F Wichmann, en T S van Rooyen se genoemde D Phil-proefskrif. Van Jaarsveld het dr Van Rooyen verwyt dat sy werk 'n 'pakhuiskarakter' dra omdat dit die indruk skep van 'n aaneenskakeling van losstaande temas wat 'nóg op 'n historiese probleem nóg op 'n teoretiese grondslag berus.[45] Die struktuur van sy werk getuig nie van 'n probleem wat opgelos moet word nie, maar van 'n meganiese samevoeging van losstaande temas oor gebeure tussen die jare 1845 en 1882. Van Jaarsveld oordeel dat die lewe hom nie so laat opbreek in langs mekaar staande stukke nie, want 'n opeenhoping van feite en gegewens is nog geen geskiedenis nie.'[46]

Dr Van Rooyen het in *Standpunte* van Desember 1953 gereageer met 'n stuk, 'Filosofie en Geskiedenis, 'n antwoord op die jongste metodologiese veronderstellings van dr F A van Jaarsveld'.[47] Daarin het hy aangevoer dat daar altyd verskille sal wees in die metodes en werkwyse van historici, maar dat hy Van Jaarsveld se standpunt oor relatiwiteit en totaliteit as 'panasee van alle geskiedskrywing' nie kan onderskryf nie. Hy het as kritikus met 'n vooropgestelde teorie gekom wat hy as maatstaf gebruik om alle werk mee te beoordeel.[48] Dit impliseer dat prof Van Jaarsveld se stelling dat Van Rooyen hom by die skryf van sy proefskrif nie laat lei het deur 'n duidelike geformuleerde probleem wat opgelos moet word nie, het Van Rooyen geantwoord dat 'n probleemstelling moet ontstaan uit die 'gegewe materiaal'. As die verlede geïnterpreteer sou word vanuit 'n 'vooringenome' probleemstelling sou dit in die hoogste mate 'apologeties' wees.[49] Voorts het hy geredeneer dat 'die totale werklikheid' nie deur 'n enkeling benader kan word nie. 'n Totaliteitsiening kan alleen die totale van 'n enkele verskynsel omvat en nie die somtotaal van alle verskynsels nie;[50] dit was in elk geval iets wat Van Jaarsveld nie bedoel het nie. Hiermee het dr Van Rooyen sy proefskrif verdedig teen die oordeel dat dit nie eenheid openbaar nie, maar uit die samevoeging van 'n aantal losstaande temas bestaan. Ten slotte het dr Van Rooyen daarop gewys 'die historikus is ten eerste historikus en dan filosoof'.[51]

Prof Van Jaarsveld het in 'n opvolgartikel[52] verklaar dat Van Rooyen sy opstel verkeerdelik beskryf as 'n 'aanval' — dit moet eerder gesien word as 'n poging ter bevordering van die wetenskap.[53] Voorts het hy sy standpunt soos uiteengesit in sy vorige opstel verduidelik en hom verweer teen die kritiek van dr Van Rooyen dat hy "n klakkelose naprater' van Dilthey se relatiwiteits-idees is.[54] In *Standpunte* van Junie 1954 het dr Van Rooyen weer eens gereageer op prof Van Jaarsveld se stelling met 'n artikel, 'Beginsels, Grondslae en Kritiek.'[55] Onder die opskrif 'Onrypheid in ons ge-

44) *Ibid.*, p. 17.
45) *Ibid.*, p. 27.
46) *Ibid.*, p. 27.
47) *Standpunte*, Desember 1953, pp. 56—62.
48) *Ibid.*, p. 56.
49) *Ibid.*, p. 58.
50) *Ibid.*, p. 58.
51) *Ibid.*, p. 62.
52) *Standpunte*, Maart 1954 (F A van Jaarsveld: Oor beginselgrondslae in die Geskiedeniswetenskap) pp. 30—41.
53) *Ibid.*, p. 33.
54) *Ibid.*, p. 40.
55) *Standpunte*, Junie 1954, pp. 33—39.

skiedwetenskap'[56] het Van Jaarsveld daarna die polemiek in dieselfde uitgawe afgesluit.

Hierdie polemiek was egter nie net beperk tot *Standpunte* nie. In die *Hervormde Teologiese Studies* van Des. 1953[57] het dr Van Rooyen 'n artikel van 21 bladsye gelewer waarin hy standpunt ingeneem het teen Van Jaarsveld se eerste artikel nl 'Geskiedenis en Lewe'. Die artikel is slegs 'n uitbreiding van wat hy te sê gehad het in *Standpunte* van Des. 1953 onder die opskrif 'Filosofie en Geskiedenis', waarin hy hom oorspronklik teen die kritiek verweer het. Om dié rede het Van Jaarsveld nie op hierdie artikel geantwoord nie.

In Augustus 1953 het dr Van Rooyen 'n opstel onder die opskrif 'Jan Romein in Suid-Afrika' in die *Hervormde Teologiese Studies*[58] gepubliseer. Hy het eers 'n oorsig probeer gee van die historiese teorie van die Nederlandse Marxistiese historikus, Jan Romein, en daarna oorgegaan om te probeer bewys dat sowel dr Ria Hugo as prof F A van Jaarsveld, wat albei klasse van Romein in Amsterdam bygewoon het met die doel om met sy begrip 'Teoretiese Geskiedenis' op hoogte te kom, tot so 'n mate deur hom beïnvloed is dat albei as 'Marxiste' beskou behoort te word.[59] Wat dr Van Rooyen beoog het, is nie heeltemal duidelik nie. Dit lyk asof hy hom laat gebruik het, omdat dit die geleentheid gebied het om Van Jaarsveld se kritiek op die kerkgeskiedskrywing te neutraliseer. Van Jaarsveld het nl. in 1953 standpunt ingeneem teen die werk van prof S P Engelbrecht, een van die 'kerkvaders' van die Hervormde Kerk, deur te verklaar dat sy kerkgeskiedenis nie veel meer is nie as 'n 'kerkistiese' en dus 'n tendensieuse werk wat op historiese vooroordele en verdagmaking berus.[60] Hierdie opstel van dr Van Rooyen, wat byna tot 'n hofsaak gelei het, kan nie as 'n 'bydrae' tot die geskiedwetenskap gereken word nie. Veel eerder was dit 'n poging om twee mede-historici onder verdenking te bring en as verdagte Marxiste voor te stel. Die werk van beide het tot op datum die teendeel bewys.

## Bydraes van geskiedteoretiese, opvoedkundige en joernalistieke aard

Soos aangetoon, het dr Van Rooyen nooit geaarsel om kommentaar te lewer op werk van skrywers wat oor geskiedteoretiese vraagstukke handel nie. Hy het drie artikels van hierdie aard gelewer wat vermeld moet word. Die eerste het in 1963 in *Historia* onder die opskrif "In die ban van die tyd" verskyn.[61] Hierdie opstel is deur Van Rooyen geskryf na aanleiding van Van Jaarsveld se boek *Geskiedenis en Lewe*. Daarin probeer hy aantoon hoe 'n geskiedsbeeld deur die tyd bepaal word. As voorbeeld verwys hy na 'n boek wat genoemde skrywer in sy werk ontleed het, nl. dr W J Leyds se *Het Insluiten van die Boeren-Republieken* (1914). Hy kom tot die gevolgtrekking dat die werk geskryf is in 'n tydperk toe die Afrikaner nog die verbittering gedra het oor die vernedering van die Tweede Vryheidsoorlog. Vir sy tyd was die werk miskien goed, maar as ons dit vandag lees, sal ons moet toegee dat dit slegs 'n negatiewe vertelling

56) *Standpunte*, Junie 1954, pp. 40–44.
57) *Hervormde Teologiese Studies*, Desember 1953 (T S van Rooyen: "Een Discussie zonder eind"), pp. 10–31.
58) *Hervormde Teologiese Studies*, Augustus 1953, pp. 249–270.
59) *Ibid.*, pp. 255–256.
60) F A van Jaarsveld: *Apologetiek en objektiwiteit in ons Kerkgeskiedenisskrywing twee metodologies-kritiese opstelle* I, *'n Suid-Afrikaans kerkgeskiedenis in swart en wit*, Kaapstad, 1953.
61) *Historia*, September 1963, pp. 168–170.

van die lyding, verbittering, ontevredenheid en onderdrukking van die Afrikaner is, en 'n sonderegister van al die "misdrywe" wat die Engelse tussen 1795 en 1895 gepleeg het en wat vandag nie meer geldig is nie. Omdat die mens toekomsgerig is, stel die hede voortdurend nuwe vrae aan die verlede. Elke hede lewer sy eie probleme op, en telkens moet die mens sy antwoorde in die geskiedenis gaan vind. Hedes verskil van mekaar, met die gevolg dat die geskiedsbeeld ook wissel.[62] Telkens word ou kennis in 'n nuwe lig gestel, wat veroorsaak dat ons verlede "lewend" bly, wat 'n bevestiging was van Van Jaarsveld se bevinding.[63]

Die tweede bydrae van dr Van Rooyen het onder die titel "Verandering, 'n historiese wet" ook in *Historia* verskyn.[64] In 16 bladsye sit dr Van Rooyen uiteen wat onder "verandering" verstaan behoort te word en haal verskeie skrywers se menings daaroor aan. Uiteindelik kom hy tot die slotsom dat die rigting van verandering nie voorspelbaar is soos by die natuurwetenskappe nie. Verandering is "'n historiese wet" wat in en uit die mens ontstaan en gevolglik "subjektief" is. Dit kan egter ook die objek van studie wees en is in dié sin "objektief",[65] 'n standpunt wat nie heeltemal duidelik is nie.

Die derde artikel het onder die opskrif "Die mens — die konstante in die geskiedenis" in Maart 1965 in *Historia* verskyn. Daarin sien Van Rooyen "die menslike natuur" en "die menslike" as 'n "konstante" in die verloop van die geskiedenis, 'n gedagte wat hy van Karl Löwith oorgeneem het tydens sy besoek aan Suid-Afrika in 1962, en wat hy aan die hand van humoristiese gevalle uit 19de eeuse Boere-dokumente illustreer.

Tot die geskiedenis-teorie het dr Van Rooyen nie veel oorspronkliks of nuuts bygedra nie en sy opstelle daarin kan beskou word as 'n samevatting van idees en denke wat reeds vroeër deur ander historici uitgespreek is, wat hy onder die aandag wou bring.

Dr Van Rooyen het hom ook oor die onderrig van geskiedenis uitgelaat. 'n Artikel van opvoedkundige aard het hy in September 1965 in *Historia* laat verskyn, nl. 'Die plek van geskiedenis in die onderwysrigtings van Japan'.[66] Dr Van Rooyen gee daarin kortliks 'n oorsig van die tipe geskiedenis waarmee die kind op skool daar te doen kry en toon aan wat die dosering van geskiedenis op universiteitsvlak daar behels. Tweedens het hy in 1967 geskryf, 'Enkele gedagtes oor die argumente ten gunste van geskiedenis as verpligte skoolvak'.[67] Dit was 'n bydrae na aanleiding van 'n aantal briewe wat in koerante verskyn het, waarin die briefskrywers hulle kommer oor die dalende getal skoliere wat geskiedenis tot en met matriek neem, uitgespreek het.[68] Hulle het bykans almal die standpunt gehuldig dat deur geskiedenis op skool verpligtend te maak, klein "patriotte" gekweek sou kon word wat bestand sou wees teen die gevare van die Liberalisme en Kommunisme. Dr Van Rooyen kom egter tot die gevolgtrekking dat dit verkeerd sou wees indien ons die vaderlandse geskiedenis wil aanwend om eie standpunte, opvattinge en politieke doelstellings te regverdig, wat dit moeilik

62) *Ibid.*, p. 170.
63) F A van Jaarsveld: *Lewende Verlede*, Johannesburg, 1962, p. 27.
64) *Historia*, September 1964, pp. 189—204.
65) *Ibid.*, p. 204.
66) *Historia*, September 1965, pp. 168—175. Dit is gebaseer op 'n inligtingsbrosjure wat deur die Japanse regering versprei is.
67) *Standpunte*, Augustus 1967, pp. 50—55.
68) *Ibid.*, p. 50.

maak om redes te vind waarom geskiedenis tot en met matriek verpligtend gemaak moet word daar enige ideologies-gerigte doelstelling "tydelik" van aard is.[69]

Derdens het dr Van Rooyen in 1963 'n stuk gepubliseer oor die "Kommunisme in Afrika",[70] waarin hy aangetoon het hoe die Kommunisme die Afrika-state binnedring, watter metodes gevolg word, hoever die proses reeds gevorder het, en watter gevolge dit vir die Blankes van Suid-Afrika inhou. Ook het hy die wedloop tussen Weste en Ooste om die guns van die Afrikavolkere daarin uiteengesit.[71]

Die skrywer het 'n hele aantal boekbesprekings gelewer. 'n Legger wat mev. Van Rooyen verskaf het, bevat ongeveer 25 resensies. Die meeste is in getikte vorm sonder aanduiding waarin dit gepubliseer is. Dit bevat o a besprekings oor H B Thom se *Lewe van Gert Maritz,*[72] A J Böeseken se *Simon van der Stel en sy kinders*[73] en F A van Jaarsveld se *Lewende Verlede.*[74]

Dr Van Rooyen het ook 'n aantal publikasies van joernalistieke aard in o.a. *Pretoriana*[75] en BaNtu[76] die lig laat sien. Die "Kronieke van Wallmansthal"[77] het in drie aflewerings in *Pretoriana* verskyn. Wallmansthal is 'n sendingstasie wat in 1869 deur die Berlynse sendinggenootskap ongeveer 27 km noord van Pretoria opgerig is.[78] Verdere artikels in *Pretoriana* is: "Pretoria is nie geskik om as regeringsetel te dien nie"[79], "How much Longer?"[80], waarin hy die stigting van 'n opelugmuseum vir Pretoria bepleit, asook "Die geskiedenis van die Standard Bank".[81]

In Desember 1963 het ook 'n toespraak in *Pretoriana* verskyn wat dr Van Rooyen gehou het by geleentheid van die Genootskap Oud-Pretoria se jaarvergadering van November 1961. Die titel lui: "Dieper waardes uit ons verlede, faktore wat die geskiedenis bepaal."[82] Daarin kom hy tot die slotsom dat daar geen waterdigte formules of faktore is wat die geskiedenis bepaal nie, en dat 'n mens nie die toekoms met behulp van die geskiedenis kan voorspel nie,[83] wat 'n gemeenplaas is. In *BaNtu* het dr Van Rooyen o.a. gepubliseer: "Beplande woonbuurt-ontwikkeling in en om Johannesburg",[84] wat in twee aflewerings verskyn het, asook 'n artikel oor Bantoejeugkampe."[85]

Twee stukke wat dr Van Rooyen geskryf het, is nooit gepubliseer nie. Die eerste is 'n artikel wat hy aan *The Journal of Modern African Studies* te Dar-es-Salaam gestuur het.[86] Die titel heet 'White South Africa looks at the continent of Africa', en Van Rooyen gee daarin 'n oorsig van die heersende Afrikanerdenke oor Afrika asook die

---

69) *Ibid.*, p. 55.
70) *Anti-Kommunistiese Inligtingsreeks nr 7, 1963, pp. 5—36.*
71) *Ibid.*, p. 2.
72) *Dagbreek en Landstem*, 22.8.1965.
73) Persoonlike versameling, onbekend waarin gepubliseer.
74) Persoonlike versameling, onbekend waarin gepubliseer.
75) Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria.
76) 'n Informele tydskrif van die ou Departement van Naturellesake.
77) *Pretoriana*, Desember 1953 en April- en Julie-uitgawes, 1954.
78) *Pretoriana*, Desember 1953, p. 17.
79) *Pretoriana*, September 1952, pp. 9—12.
80) *Pretoriana*, April 1964, pp. 25—28.
81) *Pretoriana*, Augustus 1964, pp. 7—12.
82) *Pretoriana*, Desember 1963, pp. 26—35.
83) *Ibid.*, p. 35.
84) *BaNtu*, April 1954, pp. 5—9, asook Mei 1954, pp. 4—7.
85) *BaNtu*, November 1954, pp. 31—35.
86) Brief van prof David Kimble aan dr T S van Rooyen, 14-12-1963 (persoonlike versameling)

Afrikaner se reaksie op kritiek uit Afrika.[87] Die uitgewer het die artikel afgewys met die woorde: "It is not quite in a suitable form for us."[88] Daarin bepleit Van Rooyen nouere kontak tussen Suid-Afrika en die res van Afrika. Hy was met reg bekommerd oor Suid-Afrika se toenemende isolering in Afrika.[89]

'n Tweede ongepubliseerde stuk het dr Van Rooyen opgestel met medewerking van mnr (tans prof.) J F Eloff, destyds senior lektor in Volkekunde aan die Universiteit van Pretoria. Hierdie stuk wat uit 41 getikte bladsye bestaan, dra die titel "'n Historiese oorsig oor die inbesitneming van gronde deur verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika."[90] Dit is opgestel op versoek van die destydse Tomlinson-kommissie, wat 'n historiese agtergrond vir die inbesitname van grond deur verskillende bevolkingsgroepe nodig gehad het. Dr Van Rooyen self het die skryfwerk en navorsing gedoen, terwyl mnr J F Eloff as volkekundige die gegewens oor die Swartmense gekontroleer het.[91]

Hierin het Van Rooyen aangetoon hoe die huidige grondverdeling in Suid-Afrika tot stand gekom het en verklaar dat die Blanke in Suid-Afrika net soos die Swartman, 'n reg het om hier te wees. Hy voel egter dat die Boere by afbakening van lokasiegebiede foute gemaak het deur nie ruimte te laat vir latere bevolkingsvermeerdering onder die Swartes nie. Dit het tot die oorbevolking van die reserwes gelei wat botsings tussen Blank en Swart tot gevolg gehad het.[92]

## Gevolgtrekking

As 'n mens terugkyk op dr Van Rooyen se bydrae tot die historiese geleerdheid, kom jy tot die gevolgtrekking dat hy geen groot navorser in die ware sin van die woord was nie. Slegs twee keer het hy werk gelewer wat op argivale navorsing gebaseer was — sy MA- en D.Phil-dissertasies. Met sy opstelle het hy geen wesenlike bydrae tot die geskiedskrywing in Suid-Afrika gelewer nie, behalwe vir die stuk waarin hy 'n nuwe benadering tot die begrip van die kontaksituasie tussen Wit en Swart bepleit het. Hy was een van die eerste persone wat die belangrikheid daarvan ingesien het dat die historikus wat daaroor wil werk, ook volkekundige kennis moet besit. Hy moet nl die "siel" van die Swartman verstaan en hom nie net verlaat om dokumente wat eensydig deur Blankes opgestel is nie. 'n Mens vind dit jammer dat dr Van Rooyen nie die daad by die woord gevoeg het en self met 'n omvattende werk oor hierdie tema begin het nie. Met sy besondere kennis oor die Swartman sou hy so 'n tipe werk met sukses kon aangepak het.

---

87) T S van Rooyen: 'White South Africa looks at the continent of Africa,' 12 pp., ongepubliseerd (Versameling van mev. Van Rooyen).

88) Brief van Helen Kimble aan dr T S van Rooyen, 13-12-1963 (Versameling van mev. Van Rooyen).

89) T S van Rooyen: 'White South Africa looks at the continent of Africa,' p. 12.

90) T S van Rooyen en J F Eloff: 'n Historiese oorsig oor die inbesitname van gronde deur verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, 43 pp., ongepubliseerd (Versameling van mev. Van Rooyen).

91) Onderhoud met prof J F Eloff, tans hoof van die departement Argeologie aan die Unviersiteit van Pretoria. (Prof Eloff het einde 1983 afgetree — Red.)

92) T S van Rooyen en J F Eloff: 'n Historiese oorsig oor die inbesitname van gronde deur verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, p. 41.